### *Die ontstaan en die verdwyn van die druipsteengrot*

**6** (**vervolg**) [7] Toe Festus en ook alle aanwesiges sien hoe hierdie plek in die berge verander is, sê **Festus** aan My: "Meester en Vriend! Waarlik, ek kan my nou nie meer langer beheers nie! Die verskynsels kom nou te naby die skeppende; hulle bevind hulle al `n ewigheid verby die horison van my begrip! Ek weet nou egter nie meer of ek nog leef en of ek droom nie! Daar gebeur sulke vreemde, raaiselagtig wonderbare dinge hier dat `n mens selfs as mens volkome nugter is, stomdronk daarby word en nouliks meer met die eie bewussyn kan onderskei of mens tot die manlike of die vroulike geslag behoort. - Kyk nou weer na die verskriklike rotswand! Waar is die eerste een, toe ons so gemaklik oor `n goed begaanbaar bergpad ons weg na die grot gevind het?

[8] En by alles is dit nog die vreemdste dat by die hele verandering van verskeie duisende morg grond geen spoor van enige gewelddadige vernieling bespeur kan word nie. Die hele omgewing sien daar tog net so uit asof hier sedert die ontstaan van die aarde niks verander het nie!? Werklik, as hier duisend mense honderd jaar lank gewerk het, dan is die vraag of hulle hierdie massa wel sodanig sou kon verplaas het dat so `n rotswand, wat in totaal ruim honderd-en-vyftig manslengtes is en meer as `n uur breed is, net so vry gemaak kon word as wat dit nou vrystaan! En daar was `n paar oomblikke gelede nog niks van te sien nie! En dan nog die manier wat nie die minste spore agtergelaat het van enige vernieling nie! Dit is in alle erns fabelagtig! Ek is self benoud vir die gesigte van al die seelui, wat nou op hierdie plek van die vroeëre weelderige bosstreek hierdie reusewand gaan ontdek! - Baie sal glad nie weet waar hulle is nie; en baie sal soos `n kat in `n vreemde pakhuis staan en rondkyk!"

[9] **Ek** sê: "Daarom sê Ek aan julle almal dat julle hieroor moet stilbly, en selfs die vroue ook niks daarvan vertel nie; want Ek het hulle hierdie keer nie laat saamgaan nie, omdat hulle by besondere ongewone voorvalle, ondanks elke verbod, hul tonge nie in bedwang kan hou nie. Daarom moet julle julle vroue niks oor die buitengewone gebeurtenisse vertel wat op hierdie plek plaasgevind het nie! Julle kan hulle wel die vorm van die grot beskryf en hulle ook vertel oor die nuutgevonde skatte; maar geen woord verder nie!" - Almal belowe dit heel plegtig, en ons volg dan rustig ons weg na Kis en kom met sononder daar aan. Natuurlik kom die tuisgelate vroue en meisies ons gesamentlik tegemoet en hulle weet nie hoe gou hulle moet vra oor die wonderlike dinge wat ons nou weer beleef het nie. Maar hulle word gesê dat dit nog te vroeg is om te vra, en dat daar slegs maar sprake is van die opgrawing van skatte wat die fariseërs verswyg het. Hiermee is die vroue tevrede en hulle vra nie baie meer verder nie.

[10] Ons gaan dan dadelik na die aandete, omdat almal wat saamgegaan het, geen middagete gekry het nie en al behoorlik honger was en het daarom baie na `n goed voorbereide aandete verlang.

### *Die loflied van Dawid*

**7** Pas na die bogenoemde aandete, gaan Festus in opdrag van My na die groot skuur om te kyk of die skatte wat deur ArkiEl uit die grot na Kis oorgebring is, goed aangekom het. Alles is in orde, en ook is daar `n groot lys van al die verskillende skatte wat in die grot aangetref is, met vermelding van hul waarde. Festus vra die bewakers wie hierdie lys gemaak het.

[2] Maar **die bewakers** antwoord: "Meester, hierdie het ons reeds aangetref toe dit hier by ons vir bewaking neergesit is. Ons kan daarom nie sê wie dit gemaak het nie."

[3] **Festus** vra verder: "Sê my dan eers hoe die skatte hier aangekom het en wie dit gebring het!"

[4] **Die wagters** sê: "Ook dit weet ons nie; daar het egter `n jongman hier aangekom, wat ons al etlike dae in die geselskap van die Wonderdokter uit Násaret opgemerk het, en ons het begin om die skatte te bewaak. Ons het toe van die Romeinse onderregter opdrag ontvang en staan nou al ongeveer twee volle ure op wag. Dit is al wat ons van die skatte en van ons diensaanwesigheid af weet, en niks meer of minder nie!"

[5] Festus gaan daarop met die lys wat deur hom saamgeneem is na die onderregter en stel aan hom dieselfde vrae as aan die wag; maar die onderregter weet van die hele saak net so min as die eerste ondervraagde wag. Toe **Festus** merk dat niemand in Kis iets van die versorging van die skatte af weet nie, sê hy by homself: "Omdat hulle die minste van alles af weet, sal ek hulle niks verder wys nie, sodat hierdie saak nie onder die volk bekend word nie!"

[6] Terwyl hy hierdie afspraak met homself maak, gaan Festus weer na sy huis toe waar sy jong vroutjie al met ope arms op hom wag. Maar toe hy haar tot ruste gebring het, kom hy eers na My toe om oor belangrike sake te praat. Maar Ek maak `n afspraak met hom vir die volgende dag en beveel hom om nou liggaam en siel rus te gee, omdat hy net soos alle ander die rus nodig het.

[7] Tydens `n goeie nagrus gaan die nag egter gou verby en dit was ook hier die geval; Die mense dink daaraan om nog `n paar minute te slaap, toe roep die heldere môrelig reeds almal om die behaaglike rusplek te verlaat en weer met die daaglikse werk te begin. Die reeds klaargemaakte ontbyt laat kom elkeen uit die verskillende slaapvertrekke na die groot eetsaal. Daar gebruik almal net soos op die voorafgaande dae die oggendete en bring na die maaltyd dank en lof aan My. Vir die eerste keer word dit gesamentlik gedoen in die naam van JaHWeH, soos wat Dawid dit gedoen het toe hy sê *(Psalm 33):*

[8] Verheug julle in JaHWeH, Sy regverdiges; die vrome moet Hom baie prys. Dank JaHWeH met harpspel en sing vir Hom by die tiensnarige harp. Sing `n nuwe lied vir Hom en begelei dit met suiwere klanke van die snarespel; want Elohim se woord is waaragtig, en wat Hy beloof, dit kom Hy sekerlik na. Hy hou van geregtigheid en `n suiwer oordeel; die aarde is vol met die goedheid

van JaHWeH. - Die hemele is deur die woord van JaHWeH gemaak en al Sy leërs deur die Gees van Sy Mond. Hy hou die water in die see bymekaar soos in `n leersak en lê die diepte in die verborgene. Laat die hele wêreld JaHWeH vrees, en alles wat op die aardbodem woon, moet na Hom opsien; want wat Hy sê, gebeur, en wat Hy beveel, is daar. Die Meester vernietig die raad van ongelowiges en slegtes en lei die gedagtes van die volke van hulle af. Maar Sy Raad bly ewig en die gedagtes van Sy hart bly sonder ophou. **Geseënd is die volk wat JaHWeH as Elohim het; want dit is die volk wat Hy as erfgenaam uitgekies het!** - Die Meester kyk uit die hemel en sien die seuns van die mens. Vanaf sy onwankelbare troon kyk Hy na almal wat op die aarde woon. Hy bestuur hul hart en gewaar al hul werk. `n Koning het niks aan sy groot mag en `n reus word nie gered deur sy groot krag nie! Perde help ook nie, en hul groot sterkte bring geen redding nie! Want die Oog van JaHWeH sien slegs diegene wat Hom vrees en op Sy goedheid hoop, sodat Hy hul siel kan red van die dood en haar voed tydens skaarste. Ons hart verheug haar oor JaHWeH, en ons almal vertrou op Sy Heilge Naam! - U goedheid, o JaHWeH, sy met ons, soos wat ons op U hoop!"

### *Oor die ryk van die hemele*

**8** Nadat almal My hierdie môrelofprysing gebring het, vra **Festus**, wat natuurlik ook by die maaltyd en lofspraak teenwoordig was, vlugtig aan My: "Maar van waar af ken al U leerlinge hierdie waardige, heerlike en heeltemal ware loflied? So iets verhewe het ek nog nooit gehoor nie!"

[2] **Ek** sê: "Vra die fariseërs vir die geskrewe woord van Elohim, en lees die Psalms van koning Dawid; daarin sal jy alles vind! Owerste Jaïrus, met wie ons vandag nog te doen gaan kry, sal wel die Skrif aan jou besorg. Want twee dae gelede het hulle sy dogter in die graf gelê; sy is dood! **Hy het baie berou oor sy sonde teenoor My; daarom moet hy ook gehelp word**, dan sal hy nie vir die hemelryk van Elohim verlore gaan nie!"

[3] **Festus** vra: "Meester, wat se ryk is dit en waar is dit?"

[4] **Ek** sê: "Ja, my liewe vriend, vir die opregte vriende van Elohim is die eintlike, ware hemelryk van Elohim orals, maar vir die vyande van Elohim is dit egter nêrens. Vir hulle is die hel daarenteen orals, waarheen jy ookal jou oë en ander sintuie kan en wil wend. Benede en bo is dit dieselfde. Kyk nie omhoog na die sterre nie - want dit is aardes (planete) soos wat hierdie is waarop jy staan - en kyk ook nie na benede na die aarde nie, want sy is geoordeel, net soos jou liggaam wat eendag moet sterwe en vergaan! Ondersoek jou hart daarenteen en soek vlytig daarin; daar sal jy vind wat jy soek. **Want in elke mensehart is die lewende saad gesaai waaruit die ewige môregloed van die ewige lewe sal opbloei.**

[5] Kyk, die aarde sweef in `n oneindige ruimte soos die groot son, die maan en al die ontelbare sterre, wat op sigself niks anders is as ook weer sonne en aardes wat ook daarin sweef nie! Jy sou met die snelheid van `n gedagte hierdie aarde kon verlaat en met daardie snelheid in `n reguit lyn wegspoed - en as jy so ewigheid na ewigheid sou voortspoed, sou jy na talle ewighede met gedagtesnelheid gevlieg het, tog nooit êrens `n einde nader nie! Maar orals sal jy buitengewone en wonderbaar gevormde skeppinge aantref, wat allerweë die eindelose ruimte vul en tot lewe bring.

[6] **Deur die poort van jou hart sal jy na die dood van jou liggaam na buite gaan** in die eindelose ruimte van Elohim in, en na gelang van die gesteldheid van jou hart, sal jy daar `n hemel of `n hel vind!

[7] Want daar is nêrens `n geskape hemel en ook nêrens `n geskape hel nie, maar al die dinge kom voort uit die hart van die mens. **So sorg elke mens in sy hart vir die hemel of vir die hel, na gelang van die goeie of die kwade wat hy doen**. En soos wat hy glo, wil of doen, so sal hy dan doen, lewe en handel volgens sy geloof wat sy wil voed.

[8] As jy die neiging van jou hart ondersoek, dan sal jy gou bemerk met watter gees jou hart vervul is. Trek jou neiging jou hart en jou liefde na die wêreld, en voel jy `n begeerte in jou om iets groots en vernaam in die wêreld te word - dan het die hart, wat hoogmoedig wil word, `n onbehae aan die arme mensdom; voel jy egter die drang in jou om, sonder dat jy deur Elohim verkose en gesalf is, te wil heers oor ander, dan lê die saad van die hel reeds in jou hart. Die saad sal, as dit nie bestry en verstik word nie, die mens na die dood van sy liggaam verseker nêrens anders as in die hel laat beland nie.

[9] As die hart van die mens egter vol nederigheid is, en hy hom geseënd prys om die geringste onder die mense te wees, elkeen te dien, uit liefde vir die broers en die susters homself nie hoog te ag nie, sy meerdere gewilliglik in alle goeie, vir die broers nuttige sake, te gehoorsaam, **en hy Elohim bo alles liefhet**, dan groei uit die hemelse saad in sy hart `n egte, ewiglewende hemel. As die mens op hierdie wyse die hele hemel in al haar volheid alreeds in sy hart dra, **gevul met die egte geloof, die suiwerste hoop en liefde,** dan kan hy na die dood van sy liggaam onmoontlik êrens anders inkom as in die hemelryk van Elohim, wat hy in alle volheid al lankal in sy hart dra! As jy dit goed oorweeg, dan sal jy maklik verstaan hoe dit nou presies met die hemelryk, asook met die hel, gesteld is."

[10] **Festus** sê: "Beste, baie wyse JaHshua, Meester en Vriend! Werklik, U woorde klink wel heel wys, maar die werklike betekenis daarvan het my hierdie keer ontgaan! Hoe hemel en hel nou op `n bepaalde manier op één plek kan lê, sodat die een die ander blykbaar moet deurdring, is vir my, as `n nog baie materialisties denkende mens, `n onmoontlike saak! Maar hoe daar uiteindelik uit my hart `n oneindig gelukkige of ongelukkige oneindigheid moet voortkom, is vir my nog meer onbegryplik as al die ander dinge! Daarom moet ek U vra of U nie vir my daaroor nog `n meer verstaanbare uitleg sal kan gee nie, want anders gaan ek, ondanks al die lig op die helderste geestes-middag, blind van hier af huis toe!"